# TLU SA Arbeid Riglyn:

# Vervoer van Arbeiders

Dikwels word berig dat meervoudige persone dood of ernstig beseer is wat passasiers op vragmotors of bakkies was.

Die Motorongelukke-Fonds is die instansie wat dan vir die skade moet instaan en groot eise moet betaal. Die fonds verkry hulle inkomste uit 'n heffing op brandstof. Dit is menslik en in almal se belang dat veiligheid van passasiers aandag moet kry en beskerm moet word.

Passasiers in motors het veiligheidsgordels, lugsakke en krummelsones. Passasiers op oop voertuie het geen beskerming in die geval van 'n ongeluk, of selfs teen die elemente nie.

Vandaar die Wetgewer se bepalings. Daar is etlike aspekte wat in ag geneem moet word:

**MOTORONGELUKKE-FONDS:**

Bestuurders van voertuie en passasiers geniet dekking vir skade voortspruitend uit motorvoertuig ongelukke. Indien 'n persoon in 'n ongeluk betrokke is en skade opdoen, kan vir die volgende 'n eis ingestel word:

- Mediese koste, reeds betaal, sowel as toekomstige uitgawes
- Begrafniskoste
- Pyn en lyding
- Verlies aan verdienste
- Onderhoud aan eggenote en/of minderjarige kinders

Die passasier het altyd 'n eis teen die fonds indien een van die bestuurders 1% of meer nalatig was.

Die bestuurder se eis word beperk met die graad van sy nalatigheid. Die beginsel is dat jy nie vergoed kan word op grond van jou eie nalatigheid nie.

Passasiers het geen eis teen die nalatige bestuurder, soos bepaal in die Gemenereg nie, maar wel teen die fonds. Dit is dus belangrik dat die fonds bly voortbestaan en gesond is. Die alternatief, soos bepaal in die Gemenereg, is dat 'n beseerde 'n eis verkry teen 'n nalatige bestuurder. Dit sal katastrofies wees, want as 'n nalatige taxi-bestuurder 'n pa van twee kinders se dood veroorsaak, sal daar geen voorsiening vir die kinders wees nie, omdat die bestuurder 'n man van strooi is en niks sal kan betaal nie en niks het om uit te win nie.

**NASIONALE PAD VERKEERSWET EN REGULASIES:**

Die wetgewing reël padverkeer. Daar word spesifiek verwys na passasiers en passasiers op oop voertuie.

Wanneer passasiers op bakkies vervoer word is die spesifikasies dat sittende passasiers rondom beskerming (bak) moet hê, nie laer as 350mm, en staande passasiers 900mm. Passasiers mag nie bo-op goedere soos meubels sit nie en ander items wat deel van die vrag is moet stewig vasgebind word. Geen los goedere mag saam met passasiers vervoer word nie.

Daar is geen beperking op die aantal passasiers nie, maar die bruto massa van die voertuig moet eerbiedig word. Melding moet ook gemaak word dat taxis gelisensieër word vir 'n aantal passasiers en ook by die bruto massa beperking moet bly.

Voor die hand liggende bepalings en kennis word nie hierin bespreek nie, maar dit word onderstreep dat bestuurders geldige bestuurslisensies moet hê, by gebreke waarvan versekering moontlik nie uitbetaal nie; voertuie padwaardig moet wees en verkeerstekens gehoorsaam moet word.

Indien 'n voertuig gebruik word om 12 of meer passasiers te vervoer, moet die bestuurder in besit wees van 'n geldige PDP lisensie.

**MIDDELIKE AANSPREEKLIKHEID:**

Hierdie is 'n aspek waarvan kennis geneem moet word. In kort beteken dit dat die heer aanspreeklik word as die kneg, in die uitvoering van sy pligte, skade aan 'n ander veroorsaak. Ter voorbeeld: 'n Bekende afleweringsdiens se motorfietsryer ry oor 'n rooi verkeerslig in my motor vas, en veroorsaak R100 000 se skade. Die motorfietsryer is nie aanspreeklik nie, maar wel sy werkgewer, want hy was besig om 'n gewaarborgde aflewering binne 60 minute te doen.

Werkgewers moet dus bewus wees van die posisie. Jy kan aanspreeklikheid opdoen sonder om enige vinger te verroer.  In die opsig moet verseker word dat behoorlike advies en versekering in plek is.

**ARBEID- en ANDER IMPLIKASIES:**

Werknemers arbeids-kontrakte, dissiplinêre-kodes en beleid-voorskrifte moet op datum wees, en alle werknemers moet bewus wees daarvan.

Ongevalle dokumentasie, werkloosheidsversekering en kontrakte, in verband met bewonig, moet in plek wees.

**KRIMINELE AANSPREEKLIKHEID:**

Die staat sal 'n persoon vervolg indien hy as bestuurder nie behoorlik gelisensieërd is nie. Let op die verskillende tipe bestuurslisensies. Voertuie moet padwaardig wees; gelisensieërd wees; en geskik vir die doel waarvoor dit aangewend word. 'n Stroper is nie 'n geskikte voertuig om mense te vervoer nie.

**RIGLYNE:**

Bestuurders van voertuie wat besit of beheer word, moet: gekeur word; behoorlik opgelei wees; onderhewig wees aan kontraktuele bepalings vir bestuur van voertuie; onderhewig wees aan dissiplinêre kodes; gelisensieerd wees; en behoorlik oor toesig gehou word. Voertuie moet onderhou word en geskik wees vir hul doel.

**Opgestel vir TLU SA deur T. Burke en M. Lombard (Maart 2026)**

**(Alle regte voorbehou en geen deel hiervan mag gereproduseer of elektronies gestoor word sonder toestemming van TLU SA nie)**